



Sewe Weke II...leef vanuit die BRON

teks: Esegïel 47

Esegïel 47 is vir die afgelope 20 jaar ons gemeente se visie-tekst

Agtergrond

Esegïel was 'n jonger tydgenoot van Jeremia. Hy vind hom sedert 597 vC as banneling in Babelonië. Dit was sekerlik een van die laagste punte in die geskiedenis van Israel. As profeet loop Esegïel geen draaie nie. In hierdie donker tyd bly hy getrou aan sy roeping en merk ons by hom 'n kritiese solidariteit met 'n egte pastorale hart, omgee vir sy mense. As woordkunstenaar maak hy van verskillende literêre vorme soos fabels, staaltjies, mitologiese verhale en veral visioene gebruik om sy boodskap oor te dra. In hierdie hopelose tyd is die grootste vraag op die lippe van die volk *Waar is God?*

Die visioen, prentjie wat na die profeet toe kom in Eseg 47 is die van die *tempel*. Dit is baie betekenisvol, aangesien geen verduideliking vir die volk nodig was om te weet dat die tempel die simbool van die teenwoordigheid van God was nie. Met hierdie prentjie wat die profeet kry, sou dit dalk beteken dat daar tog hoop was, dat daar 'n dag sou kom dat hulle sou terugkeer, dat die tempel weer herstel sou word...? Wat die profeet op 'n kunstige manier kom doen, is om vir die volk te laat sien dat *jhwh*, die God van Abraham, Isak,

Jakob die bron van *hoop* is, en verrassend nie net tussen die puin in Jerusalem lê nie, maar ook hier by hulle is.

Esegïel 47

Hy skets die prentjie van 'n stroompie water wat uit die sentrum van die tempel begin deursuipeel onder die drempel deur...

- Water in 'n dorre wêreld soos die van Israel was opsigself 'n teken van hoop.
- Die oorsprong, bron is uit die sentrum van die tempel – God self is die bron.
- Betekenisvol dat die water nie opdam in die tempel nie, maar uitvloei, na buite.

Soos wat die man met die meetstok al verder wegbeweeg van die tempel af, raak die stroom al hoe dieper – enkeldiep, kniediep, tot by heupe, so diep dat 'n mens nie kon deur loop nie.

- Hier is 'n interessante verskynsel – hoop kry momentum buite die tempel. Hoe verder van die tempel, hoe dieper, hoe sterker word die stroom.
- Vgl die *Butterfly effek*
- NP van Wyk Louw se *Beiteltjie*

Toe sê die man vir my: 'Sien jy dit, mens?' Hy laat my toe al langs die stroom terugstap...

- Ons het verlede week gehoor dat waar mense óf niks, óf net moeilikheid sien,

hoop is om 'n geleentheid raak te sien. Wanneer jy ín die situasie is, is dit dikwels die moeilikste ding om enigsins iets anders as net die donkerte waar te neem. Om perspektief te kry, is dit dan soms nodig om 'n tree terug te gee, om terug kyk.

- Dit is wat hier gebeur. Die man met die meetstok laat Esegïël terugstap met 'n besliste vraag: *Sien jy dit mens?* Soos verlede week is daar 'n lang pad waaraan die profeet herinner word wat God saam met die volk gestap het. Moenie dit vergeet nie. Hy was nog altyd daar gewees. Só is dit dan ook hier.

En dan hierdie verrassende prentjie dat *waar die stroom kom, begin wemel dit van alle soorte diere en visse. Waar die stroom kom, sal alles lewe. Die Dooie See word vars, mense begin visvang en hulle nette droogmaak.*

- Water wat vloei, is lewendig. En waar dit kom, bring dit lewe.
- Behalwe vir alle soorte diere, wemel dit van visse. Dit bring ook mense bymekaar - gemeenskappe word gevorm.
- En die wet van die natuur – *moerasse, kuile sal altyd daar wees.* Waar die water staan, raak dit sleg, kry jy 'n reukie. Daarom, bly vloei...

In v 12 kry ons dieselfde prentjie as die van Open 22: *bome wat dwarsdeur die jaar vrugte dra waarvan die blare genesing bring.*

v 22 en 23 is 'n verrassing: *Die vreemdeling onder julle wat al 'n geslag lank onder julle woon, moet ook land kry. Hulle moet as medeburgers beskou word.*

- Dit bevestig waarmee die teks begin het: die water vloei uit die tempel uit. Die hoop is vir almal, ook die vreemdelinge onder ons...

Toepassing

- Ons het verlede week in Jer 32 gesien: *Hoop het altyd 'n adres* – die spesifieke omstandighede. Waarmee Esegïël 47 begin is om te sê: *Hoop het altyd 'n oorsprong.* En die bron is *jhwh*. Óns is nie die bron nie – ons leef vanuit die bron. Die voorbeeld van Moeder Teresa is hier 'n inspirasie. Sy het 'n teenwoordigheid by mense gehad met 'n sensitiwiteit vir hulle nood. Dit het sy gekry omdat sy uit die bron geleef het. Haar deernis wat tot diens gelei het vir hulle in nood, was die vrug van haar lewe van gebed en toewyding.
- Een van ons as bevoorregtes se grootste uitdagings is die versoeking om te dink *ons is die bron.* En wat hieruit voortvloei is om damwalle te bou en op te gaar en die hoop wat realiseer vir onself te hou. Esegïël se beeld herinner ons dat ons nie die bron is nie. Ons is maar net deel van die stroom. Ons word uitgedaag om die damwal af te breek, die water te laat vloei – *to let it go.* Ons mag dit nie vir onself hou nie. Dit is vir almal. As ons dit nie doen nie, word ons *stinking water* (David Kinneman).
- Stories van hoop
 - Hans Combrink
 - Esperanz
 - Masandise
- Daar gaan nie veel gebeur as ons vandag hier in die kerk bly nie. Hoop kry momentum die oomblik wat ons deur die drumpel van die gebou in die wêreld instap. Mag ons verras word en sien hoe die stroom sterker raak soos wat ons hiervandaan na ons huise, werk en gemeenskap gaan en hoe dit lewe en genesing bring.